



KAMMANUUS

Nommer 341

19 November 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



In Allesstraat kry jy alles!

Om tred te hou met die gier van naamsveranderinge in Duskantland, het ek en Kameraatjie een van ons strate hier in Doha, herdoop na Allesstraat. Voorheen het ons hom Elfdestraat genoem, soos die een daar in Benmore in Bobbejaansberg.

Dié het mos ook so 'n ingerygde mengelmoes van winkeltjies en restaurante, kafees en algemene handelaars soos ons s'n. Allesstraat lê hier in die voorstad wat bekend staan as 'Old Airport'. Dit is sowat drie kilometer lank en soos meeste lang strate in Doha, loop hy ook met so 'n wye boog net om jou van rigting af te gooi. As nuweling in Allesstraat, is die eerste ding wat jy moet aanleer, dat dit nie help om haastig te wees nie. Sonder geduld en verdraagsaamheid gaan jy jou hare uit jou kop uit trek.

Allesstraat is 'n normale, wye tweerigtingstraat, 'n verkeersreël wat hier met baie lisensie toegepas word. Soos en wanneer nodig, sal enige iemand sommer kortom draai en selfs 'n entjie teen die verkeer op beweeg om oorkant die straat te kom. Dubbelparkering is aan die orde van die dag. Selfs trippelparkering word aanvaar as jy wag vir 'n kosbestelling voor een van die vele Swarna-restaurante.

Die hele lengte van die straat wemel van voetgangers wat ook hulle reg afdwing om sommer voor jou in te stap, en dis waarom haastigheid nie geduld word nie en selfs gevaarlik is. Sodra mens eers die stadig ry begin aanvaar, besef jy skielik hoe baie daar is om te sien en te ervaar.

Op een hoek is 'n algemene handelaar wat twee of drie keer 'n dag die buurt se dakskyters voer. Die duive weet presies wanneer hy gaan uitkom, want 'n paar minute voor voertyd begin hulle al opdaag in hulle hordes. 'n Entjie verder is sit 'n man met koffiekleurige opgedraaide kopdoek en lang oorhang Indiese jurkhemp, kruisbeen voor sy houthokkie en skoene versool, terwyl 'n maat gehurk langs hom sit en beduie en gesels met die hande. Nog verder af sit 'n horlosiemaker op 'n kroegstoeltjie agter sy katedertjie. Hy bied jou drie prysklasse aan vir 'n nuwe horlosiebatterij, hangende af hoe lank jy wil hê hy moet werk voor jy weer een moet kom koop.

Nou die dag soek ek 'n nuwe oortreksel vir my stuurwiel, en laer af in Allesstraat kry ek 'n winkeltjie wat lyk of hy onderdele kan verkoop. Die probleem is hy is oorkant die straat, en dis besiger as gewoonlik. Ek waag 'n kans en beduie vir een van die manne voor die winkel. Dié beduie weer vir iemand binnekant, en gou staan daar 'n man langs my waar ek steeds dubbel geparkeer in die kar sit. Ek beduie, en met 'n knik van die kop is hy weer oor die straat en kom terug met 'n verskeidenheid van keuses oor die arm gehang. Amper soos daai smouse wat mens by die robots in Duskantland kry. Net heelwat rustiger en veiliger. Die kêrel leun na binne en maak pas hy dit sommer ook vir my. Ek kies koes huis toe. Dan onthou ek, daar moet nog draibraaihoender ook gekoop word. Met my nuutgevonde langafstandbeduie, raak ek braaf en 'n entjie verder stop ek weer. Die keer oorkant die straat regoor 'n Turkse restaurant. Ek vang die valkoog van 'n straatkelner. Daar is 'n hele paar van hulle wat juis op die uitkyk is vir luigat klante soos ek.

In 'n japtrap is hy daar met my hoendertjie, snoesig toegedraai in twee sulke sagte ronde wit broodlappe so groot soos pizzas. Saam met dit kry mens so 'n zipseël sakkie met gepiekelde groente. Op pad huis toe gaan die braisouse lekker intrek in die broodvelle, al wat mens nodig het vir 'n smul ete.

Allesstraat, jou lekker ding!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

SKERP ANTWOORDE



Pres. Calvin
Coolidge
by 'n
Withuis-dinee

Dame: "President, ek het iemand
gewed ek kan meer as twee
woorde uit u mond kry."
Coolidge: "Jy verloor."



Sen. Fritz
Hollings
in 'n
televisie-debat

Henry McMaster het Hollings in 'n
TV-debat uitgedaag om 'n
dwelmtoets te ondergaan.

Sen. Hollings:
"Ek sal 'n dwelmtoets aflê as my
teenstander 'n IK-toets aflê."

Wat grootmense geleer het

1. Om 'n tiener groot te maak is soos om jellie aan 'n boom vas te kap.
2. Jou ouers was reg toe hulle altyd gesê het, "Wag maar, jy sal verstaan as jy die dag kinders het."
3. Middeljare is wanneer jy jou ontbytgraan kies vir die vesel en nie die plesier nie.
4. Jy kry jou kinders uit die huis maar nie uit jou sak nie.
5. Geduld is toe nie net 'n woord nie, dis inspanning.
6. Kinders grootmaak is nie vir sissies nie.
7. Selektiewe doofheid is nie 'n fisiologiese gebrek nie maar 'n verdedigingsmeganisme.
8. Mens wonder hoekom jou kinders jou ander helfte se humeur en geite geërf het.
9. Tieners beskryf die ouderdom tussen tien en geduld.
10. Ouers word "dommer" met elke generasie.

EVOLUSIE [7]



My eks is 'n bewys van hoe dom 'n mens kan wees.

Hulle loop tussen ons

•Terwyl ons na 'n huis op soek was, het my broer die agent gevra waar Noord is, want, het hy gesê, hy wil nie hê dat die son hom soggens wakker maak nie.

"Kom die son in die Noorde op?" het sy gevra.

My broer het verduidelik die son kom in die Ooste op, en dat hy dit al geruime tyd doen.

Sy het haar kop geskud, en gesê: "Ag, ek bly nie regtig by met sulke goed nie."

•Ons was besig met middagete in die kafeteria, toe ons hoor 'n kelnerin kla oor die sonbrand wat sy die naweek opgedoen het.

Sy het in 'n oopkap-motor gery, en het nie gedink jy kan sonbrand kry as die kar beweeg nie.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

VROU OUER AS 50

Ons sit en gesels.

"Ja, manne," las Oom Johnny toe by "en dis ook slim om met 'n vrou ouer as vyftig te trou, want sy maak jou nie in die middel van die nag wakker om uit te vind wat jy dink nie, want sy gee nie 'n duit om wát jy dink nie.

"En op daai ouderdom is hulle heldersiene, so jy hoef nooit meer jou sondes te bely nie, want hulle wéét alles."



Die ou tannie het by die winkel ingestap om katkos te koop. Sy het vier blikkies gevat en na die teller gegaan.

Die meisie by die kasregister het gesê: "Ek is jammer, maar ek kan nie katkos verkoop as jy nie bewys jy het 'n kat nie. Baie oumense eet katkos, en die bestuur wil 'n bewys hê."

Die tannie het die kat gaan haal, hom vir die kassier gewys en vir die katkos betaal.

Die volgende dag gaan sy na dieselfde winkel om hondkos te koop.

Die kassier het haar storie van die vorige dag herhaal, die tannie het haar hond winkel toe gebring, en vir die kos betaal.

Die volgende dag het sy 'n boks met 'n gaatjie in sy deksel na die winkel gebring. Sy het die kassier gevra om haar vinger in die boks te steek.

"Nee!" sê die kassier. "Hoe weet ek daar is nie 'n slang in die boks nie?"

Die tannie het haar oortuig daar is niks in die boks wat haar kan byt nie.

Die kassier het haar vinger ingestek, uitgetrek en vir die tannie gesê haar vinger ruik na bollie.

"Ja," het die tannie gesê. "Ek wil drie rolle toiletpapier koop."

MOENIE MET OU TANNIES MORS NIE.



ELEKTRISITEIT

Die juffrou vra aan haar klas:

"Klas, weet julle waar kom elektrisiteit vandaan?"

Jannie van der Merwe steek sy hand vinnig op en sê:

"Juffrou, dit kom van die dieretuin af."

Die juffrou vra: "Nou hoe kom jy daarby uit Jannie?"

Jannie: "Gisteraand het al die ligte in ons huis doodgegaan, en toe sê my pa:

'Daar sit die flippen ape weer die krag af.'

REKTOR WAARSKU

Dis die eerste dag van die universiteit, en die rektor spreek die eerstejaars toe:

"Die meisieskoshuse is verbode terrein vir die manstudee. As jy daar binne gevang word, is dit R50 boete vir die eerste oortreding.

"As jy weer gevang word R100, die derde keer is dit R150, ensovoorts. Verstaan julle? Enige vrae?"

'n Stem van agter in die saal: "Wat kos 'n seisoenkaartjie?"

SLIM KIND

Die juffrou vra die klas:

"Wie kan die volgende sin in Afrikaans vertaal:

Julius Malema is swimming in the Vaal Dam?"

Jannie steek sy hand op en antwoord:

"Daar's 'n drol in die drinkwater!"

Sit, jou slim kind !



Wat word van Antarktika se dooie pikkewyne?

Van BERTIE KOTZE in Windhoek

Het jy al ooit gewonder hoekom daar nooit fotos van dooie pikkewyne in Antarktika te sien was nie? Word hul reste opgevrete deur ander inwoners van Antarktika soos diere, roofvoëls, visse of wat word daarvan?

Die antwoord is nou verskaf deur die Dr Fourie van Skelmbos, wat jarelange navorsing as ornitoloog in die Suidpoolstreek gedoen het.

Hy het bevind dat die pikkewyne 'n baie familievaste spesie is en dat die paartjies lewenslank bymekaar sal bly. Die ouers sal ook, soos by die mens, hegte bande behou met hul nasate en omgekeerd die kuikens ook.

Sou 'n direkte familielid doodgaan, word hy onder die ys begrawe. Die pikkewynfamilie sal 'n groot genoeg gat met hul snawels en koddige pootjies uitkrop. Daarna word die dooie pikkewyn in die gat gestoot en met los ys bedek deur die res van die pikkewynfamilie. Hulle strooi die ys met skepbewegings van hul kort vlerke oor die dooie pikkewyn. Die ys word dan liggies gekompakteer deur met hul pote daarop te trap.

Al die mannetjie sal dan 'n sirkel om die "graf" vorm en as laaste huldeblyk die volgende sing:

"F...REEZE A JOLLY GOOD FELLOW

F...REEZE A JOLLY GOOD FELLOW"

GEDINK JY WEET ALLES VAN PIKKEWYNE AF?

TOILETBERAAD IN DURBAN

Lood in Beeld:

Goeie nuus is dat Durban die gasheer is vir die twaalfde jaarlikse internasionale Wêreld-toilet-beraad en -uitstalling, van 4 tot 6 Desember. (Dit word betroubaar verneem dat die verligting oor die bodkomitee gespoel het toe Durban die groen lig as gasheerstad gekry het.)

Volgens 'n nuusverklaring sal ons regering verteenwoordig word deur onder meer Tokyo Sexwale, minister van behuising, en die deesdae dikwels vergete Winnie Madikizela-Mandela, voorsitter van die ministeriële sanitasie-taakmag.

** Winnie se kollegas noem haar gemoedelik Tannie Sannie Tasie, verneem Lood.

SAUK SKEP NUWE WOORDEBOEK

Vryburger in Die Burger:

Intussen het die SAUK se voorste apparatsjik, Jimi Matthews, mos in dekreet nommer 147358 bepaal dat niemand JZ se huis 'n compound mag noem of na die nabygeleë "Zumaville" mag verwys nie. "Ingevoerde terminologie" soos "Nkandlagate" is eweneens vieslik en verbode.

Terwyl Jimi nou besig is, kan hy dalk 'n woordeboek uitgee met sinonieme vir al die ander terme wat vir Zuma lastig kan wees:

Promiskuiteit (eerder "seksuele ubuntu", maar "gemeenskapsdiens" is ook aanvaarbaar).

Korrupsie (eerder "geprivatiseerde ekonomiese bemagtiging");
tenderbedrog (eerder "voorkeurbemagtiging") en

nepotisme (eerder "hegte familiebande in die werkplek").

Hiermee nooi Vryburger sy lesers om hul eie bydraes tot Jimi se leksikon te lewer. Die leser met die beste voorstel wen 'n naweek in Nkandla (beddegoed en handdoeke word verskaf, maar jy moet jou eie vroue bring).

'n Intelligente vrou is een wat so baie bestee dat haar man nie 'n ander een kan beskostig nie.



MAKERIEPAS!

Stories uit die Weermag

Oumanne in die Army: INKLOKTYD

Deur Wessel Ebersohn

Daar's nie 'n manier dat ek my deur 'n klomp snotkop armylatte gaan laat rond donner nie! Maar daar was geen uitkoms nie, en almal wat opgeroep was, moes maar net gaan aanmeld.

Nadat die dokters en ander mediese mense almal bevoel, beluister en bekyk het om vas te stel of hulle binnegoed darem nog in min of meer werkende toestand is, het ons by ons woonkwartiere gaan intrek. Die opleiding sou op die Upington Skouterrein plaasvind en ons blyplek was die hoofsaal, 'n tammaie staalstruktuur wat in afskortings verdeel was vir die uitstallers.

Almal het 'n groot staalkis gekry waarin al sy besittings gebêre moes word en dit is by die onderend van die bed staangemaak.

Daar is geen manier om 'n staalkis op 'n harde sementvloer in 'n weerklinkende staalgebou saggies oop en toe te maak nie. Daardie eerste aand al was dit duidelik dat hierdie staalkiste 'n groot rol gaan speel in hoeveel, of liewer hoe min, slaap 'n man gaan kry.

Die boere, wat gewoon was om vroeg te gaan slaap, was telkens gewek deur die lawaai van die manne wat eers tot laat gekuier het en deur die aand tot ligte-uit tyd raas-raas kooi toe gekom het.

Hulle weer, die laat-gaan-slapers, is douvoordag wreed uit hulle drome wakker geruk deur die rumoer van die vroeg-opstaan boere.

Ons arme gewone drommels wat gewoon was om op 'n ordentlike tyd te gaan slaap en op te staan, was in die middel vasgeknél en het die slegste daarvan afgekóm.

Sarel de Beer, wat destyds die SAUK se verteenwoordiger op Upington was, het sommer daardie eerste aand al begin met die opneem van 'n kostelike versameling naggeluide wat later oor die radio uitgesaai is.

Sowat van snork! Van sulke sagte pfoei-prrt geluidjies tot donderende dreunings wat deur die saal weergalm het. En dan daardie ander klanke wat jy gewoonlik kry waar mans bymekaar is, klanke wat beide die hoor- en reukorgane ernstig bedreig het!

Die volgende dag is almal in pelotonne ingedeel, maar dis 'n ander storie!



Twee spogters

Twee mans was besig om te spog oor hul dae in die weermag.

"My peloton was so goed gedril, as ons presenteer geweer het jy net klap, klap, klap gehoor."

"Baie goed," sê die ander een. "Maar as my peloton presenteer geweer, het jy net gehoor klap, klap, rinkel."

"En wat was die rinkel?"

"Dit was ons medaljes."

Groot stories

Die weermagman het by 'n vlotman oor sy pa gespog. "My pa is 'n ingenieur. Weet jy van die Alpe? My pa het hulle gebou."

Vlotman: "Het jy al van die Dooie See gehoor? My pa was die moordenaar."

Stry oor spore

Drie soldate het in die veld gestap toe hulle op 'n stel spore afkom.

"Dis koedoespore," het die een gesê.

"Nee, dis elandspore," het sy maat gesê.

Die derde een het gesê dit lyk vir hom nes rooibokspore.

Hulle was nog aan die stry toe die trein hulle getrap het.

WYSHEID UIT DIE GRYSHEID

Hier is iets wat ons minstens een keer per week moet lees. Dis geskryf deur Regina Brett (90) van die Plain Dealer in Cleveland, Ohio:

Ter viering van ouer word het ek een keer 'n klomp lesse afgeskryf wat die lewe my geleer het. Ek het nog nooit soveel reaksie op 'n rubriek gehad nie. My odometer het nou tot by 90 oorgeloo, so hier is hulle weer:

1. Die lewe is nie regverdig nie, maar dis steeds goed.
2. As jy twyfel moet jy klein stappies neem.
3. Die lewe is kort - geniet dit.
4. Jou werk sal jou nie oppas wanneer jy siek is nie. Jou vriende en familie sal.
5. Delg elke maand jou kredietkaarte.
6. Jy hoef nie elke argument te wen nie. Bly net getrou aan jouself.
7. Huil saam met iemand. Dis meer helend as om alleen te huil.
8. Jy mag maar vir die Here kwaad wees. Hy kan didt vat.
9. Spaar van jou eerste tjek af vir jou oudag.
10. As dit by sjokolade kom, is weerstand futiel.

HOMPIE KEDOMPIE

Weet julle waar die rympte Humpty Dumpty vandaan kom? Dit was 'n kanon wat in die dorp Colchester op 'n kerkmuur gestaan het in die Engelse burgeroorlog (1642-'49).

In 'n geveg is die muur stukkend geskiet en die kanon het neergestort. Die soldate en hulle perde kon nie die groot kanon weer terugkry op die muur nie.

Dit is dus nie sommer net 'n oulike rympte nie.

Slim antwoorde op simpel vrae

1. As jy met jou oë toe lê: "Slaap jy?" (Nee, ek's dood - los die blomme en skoet!)
2. Iemand bel jou op jou landlyn by die huis: "Is jy by die huis?" (Nee, ek is eintlik in China).
3. Jy kom uit die badkamer en is nog nat: "Was jy in die bad?" (Nee, Poephol, ek het in die toilet geval.)
4. Wanneer jy op die grondvloer in 'n hysbak staan: "Gaan jy op?" (Nee, ek wag dat my woonstel afkom en my kom haal!)
5. Jy staan met 'n bos blomme voor jou vriendin: "Is dit blomme?" (Nee, dis wortels!)
6. Het jy 'n toilet, wat ek kan gebruik? (Nee, ek doen dit sommer in my blombedding.)
7. Wanneer jou selfoon lui: "Waar is jy?" (Basies het dit bokkerol met jou te doen!)
8. Jy trek jou swembroek aan: 'Gaan jy swem?' (Nee, ek is op pad na 'n formele dinee saam met Winnie Mandela.)
9. Jy vat jou motorsleutels en mik vir die deur: "Gaan jy ry?" (Nee, ek gaan boomklim)
10. Jy's vol verf gesmeer en staan met 'n kwas in jou hand: "Verf jy?" (Nee skat, ek kamoefleer myself dat morone soos jy my nie kan sien nie.)

**NASA SE CURIOSITY-ROBOT
HET OP MARS GELAND.**

**DAAR IS GEEN VROUE,
DRANK OF 'N KROEG NIE.**

**MANS IS DUS NIE VAN
MARS NIE.**

Die tannie en die XXX-ment

Die sit en hoes in die kerk gedurende die preek. Sy vra herhaalde kere vir haar stokdoof man vir 'n peppermintjie, maar dié luister op die gehoorstuk en hoor en verstaan niks.

Ná 'n lang gespartel het sy uiteindelik, tussen al die gehoies deur, 'n XXX-ment. Dié is te groot na haar smaak, en sy probeer dit stukkend byt.

Ongelukkig wil haar enigste bo-tand, wat regs sit, nie ooreenstem met haar enigste ondertand, wat links sit nie. Na nóg vyf minute se gesukkel, vererg die oom hom, plak die gehoorstuk kliphard neer, gryp die XXX-ment uit haar hand, sit dit in die holte van sy hand, en met 'n knalslag slaan hy dit teen die ruglenging van die kerkbank voor hulle dat jy net stukke sien spat.

Gelukkig het een stukkie op die tannie se skoot beland, en sy kon dit toe darem suig.

Duskantlander in Anderkantland

Kammalander skryf van Gough-eiland

Ek wil myself net weer bekendstel aan nuwe **Kammanuus**-lesers. My naam is **Gerard de Jong**. Ek was verlede jaar (2011) 'n spanlid van SANAE 50 wat in Antarktika oorwinter het. Februarie 2012 was ek terug in SA en 6 September was ek op die nuwe SA Agulhas 2, en nou is ek hier op Gough eiland tot Oktober 2013. Ek is deel van Gough 58. Ons oorwinterspan die 58ste een hier op die eiland is. Ek sal so deur die jaar meer oor die eilande skryf.

Vir dié wat nie weet nie, Gough-eiland lê so amper halfpad tussen Suid-Afrika en Suid-Amerika. Die eiland is Britse gebied, deel van die Tristan da Cunha-groep van eilande.

Die eilande sluit in Tristan da Cunha, Nightingale, Inaccessible, Gough en St Helena. Die eerste drie is relatief naby aanmekaar. So 'n klipgooi van mekaar as jy 'n klip 50 km of meer kan gooi. Gough eiland lê sowat 400 km suid van Tristan. Dit is nou nie meer 'n klipgooi weg nie, want ek ken min mense wat 'n klip so ver kan gooi. Om die waarheid te sê, die volgende keer as ek iemand ontmoet wat 'n klip so ver kan gooi, sal dit die eerste keer wees.

Daar is 'n ooreenkoms tussen Suid Afrika en die Britte vir die gebruik van die eiland vir weervoorspellingsdoeleindes en word deur die departement van omgewingsake bedryf as 'n weerstasie vir die Suid-Afrikaanse weerburo. Die eiland lê ongeveer 40 grade suid van die ewenaars en 10 grade wes van Greenwich en is ongeveer 90 vierkante km groot.

Daar is net agt mense gedurende die jaar op die eiland: Drie weerkundiges wat in skofte die weerkantoor 24 uur per dag beman, 'n mediese ordonnans, 'n dieselwerktuigkundige en 'n radio tegnikus. Dit is nou ek.

Dan is hier gewoonlik ook twee "sealers" of "birders" soos wat hulle hulself noem wat die diere hier op die eiland irriteer.

Ons woon in 'n ou basis met alle geriewe soos 'n huis in ander dele van die wêreld. Ons het 'n kragopwekker en genoeg diesel vir twee jaar en genoeg kos vir twee jaar. Hier is selfs 'n noodbasis waar ons kan gaan woon sou ons huis afbrand of omwaai. Ons het internet (stadig) en telefone deur middel van 'n satellietverbinding.

Die oorspronklike basis was 'n paar km van die huidige basis in 'n kloof by die see met die naam "The Glen". Dit was 'n maklike plek om die see per boot te bereik. Omdat dit moeilik was om weerballonne daar te lanseer (die wind het die weerballonne teen die kranse gewaai en dan bars die goed) is die huidige basis in 'n meer oop area gebou, hier by 'n baai wat bekend staan as Transvaal-baai. Glo dit of nie, hier word plekname nie verander nie.

Hoe Gough sy nam gekry het

Gough eiland is ongeveer 1506 ontdek deur die Portugees, Conçalo Alvarez. Hy het die posisie van die eiland redelik akkuraat op die kaart geplaas. Later, in 1741, het 'n Britse skeepskaptein, Gough ook 'n eiland ontdek honderde kilometers van die huidige Gough-eiland. Onthou dat lengtegrade moeiliks was om te bepaal in vroeë skeepsvaartdae. Heelwat jare later is vasgestel dat Alvarez en Gough se eilande een en dieselfde plek was.

Dit was in 'n tyd toe die Portugeese nie meer die seevaart oorheers het nie en die Britte begin oorneem het. Met die gevolg dat die eiland na kaptein Gough vernoem is en nie na Alvarez nie.

Maar ons hier op Gough-eiland het nie van Alvarez vergeet nie. Die belangrikste plek in die basis is natuurlik die kroeg.

Die kroeg is vernoem na Conçalo Alvarez.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

LEKKER SKONS

So 'n kort verposing tussen die oorspronklike SO MAAK MENS-resepte uit Esmé en Jan se dae. Dit is amper vakansietyd vir meeste, dan word die woonwaens aangehak en weggesleep na 'n plekkie onder die son.

'n Woonwa-kampkok, **Jeraldine Johnson**, se heelike skonsresepte het my aandag getrek.

Skons se geheim: Hulle moet nooit hard wees nie, en dit kry jy net reg as jy die volgende in jou skons gebruik:

- # Joghurt
- # Suurroom
- # Karringmelk
- # Suurmelk /Amasi

Hier volg die resep:

4 k Bruismeel
½ k of 125 g Margarine (Stork)
2 tl Suiker
2 Eiers
150 ml joghurt, suurroom, karringmelk of maas.
Knippie sout.

Krummel die meel, suiker, sout en margarine met 'n houtlepel. Klits die eiers en suurroom mengsel. Sny met 'n mes in by die droë bestanddele, totdat dit begin styf word. Neem deeg en bol dit in jou hande tot styf. Druk die deeg vas op 'n houtbord tot ongeveer 2 cm dik en druk met koekdrukker uit.

Bak vir 10 min teen 220 °C.

VINNIGE SKONS

Sif saam:

500ml (2 koppies). Koekmeelblom 20ml (4 teelepels). Bakpoeier. Knippie sout.

Meng 1 Eier in ± 167 ml (2/3 koppie) melk, ± 83,3 ml (1/3 koppie) olie. Die totaal van die vleistof moet 350ml wees.

Meng bogenoemde bymekaar. Druk skons uit. Bak 20 min in 'n voorverhitte oond van 180 grade.

WENK:

Ek rol nooit my skondeeg uit nie. Ek druk die met my handpalm platter, want hoe dikker die skondeeg is as jy dit uitdruk, hoe mooier en hoër is jou skons. Ek hou van 'n lekker dik skon, dan is dit ook nie so droog nie.

STAMBOOM

BOTHMA pierre.bothma@yahoo.com

COETZEE hilmadebange@webmail.co.za

Soek Stamboom/voorouers/familie van my ouma Cornelia Fredrika van Niekerk (Nee Coetzee) geb. 10-07-1873 oorl. 15 of 16-11-1927 vermoedelik getroud met Alexander Micheal Van Niekerk. Geboer in Elandsrivier, Distr. Uitenhage, plaas se naam was Orange Grove. Familiebegrafploas op die plaas. My vader se naam was Cornelius Frederik Zietsman van Niekerk. Sy broers was Willie, Daan, Hansie, Alex, Susters se name Susan getroude van Berry, Pauline getroude van Rudman en Rose getroud vermoedelik Ferreira.

GROENEWALD sharlton.groenewald@gmail.com

NAGEL corrie@aidafrica.co.za

Addisioneel: Hester was my ouma wat getroud was met Dawid Lindsay. Wil graag weet wie haar ouers was. Afkomstig van Renosterfontein, Krugersdorp-gebied.

PRETORIUS psjpretorius@yahoo.com

My oupa was Willem Jurgens Jacobus Pretorius (Fatty), Soek inligting oor sy ouers.

VAN LOGGERENBERG corrie@aidafrica.co.za

Ek is op soek na JZ van Loggerenberg, afkomstig van Rustenburg.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Die Oom het gevra wat die slang eet. Die Man het gesê:
"Enigiets wat beweeg.
Honde, katte, en as jy nie meer die kind of vrou wil hê nie, gooi jy hulle sommer ook in die hok."

Deur CHRISTO DU PLESSIS

Dis donker in die skaduwee van die Wildevyeboom waar Klein Gert Venter staan. Hy wag om te kyk of iemand agtergekrom het dat hy nie in sy bed is nie. Maar die huis bly donker en stil.

Hy sluip gebukkend tot by die draad. Daar seil hy behendig deur die gat in die heining. Sy plan is fyn uitgewerk: Hy sal tot by sy Ma se huis gaan; daar sal hy agter die groentetuin in die ou watertenk gaan bly.

Eintlik is hy bang om huis toe te gaan. Hy is bang vir die slang wat die Oom gekry het. 'n Baie groot slang. Die Oom het vir hom gesê as hy dit waag om sy pote weer by die huis te sit, sal hy hom in die slanhok gooi.

Hy het gehoor die Man wat die slang kom aflewer het, het gesê dis 'n baie gevaarlike slang. Die Man het dit iets soos 'n "annakonslang, 'n moordmasjien" genoem. Hy het vir die Oom gesê hy mag vir niemand van die slang vertel nie, want dis onwettig.

Die Oom het gevra wat die slang eet. Die Man het gesê: "Enigiets wat beweeg. Honde, katte, en as jy nie meer die kind of vrou wil hê nie, gooi jy hulle sommer ook in die hok."

Hy hou nie van die plek waar hy nou moet bly nie. Maar sy Ma en die Tannie van die welsyn het vir hom verduidelik dat dit vir sy eie veiligheid is. Hy verlang na sy Ma en sal eerder onveilig wees, as om so baie na haar te verlang.

Hulle noem die plek Kinderhuis. As sy Pa nog gelewe het kon hy vir hom gevra het wat Kinderhuis is.

Sy gedagtes gaan terug na die laaste ete by sy Ma se huis. Die Oom het kwaai geklink toe hy vir hom gesê het: "Toe eet, Mannetjie! Jy kan maar weet, dit is die laaste ete wat jy in hierdie huis in 'n donnerse lang tyd gaan eet."

Sy Ma sê dat hy wat Klein Gert is, nie daardie woord mag gebruik nie. Dis vloek. En geen ordentlike mens gebruik vloektaal nie. So in sy enigheid wonder hy hoekom sy dan toelaat dat die Oom so praat.

Een aand het hy die Oom met die graaf geslaan, omdat hy gedink het die Oom stoei met sy Ma in haar kamer. Van daardie tyd af het sy Ma en die Oom baie baklei.

Hy het gewonder waaroor hulle baklei en het hande-viervoet agter die groot stoel, naaste aan die deur, ingekruip. Daar het hy doodstil gesit – skaars asemgehaal.

Die Oom het geskree: "As jy die Klein Sleg nie Kinderhuis toe stuur nie, maak ek 'n saak van poging tot moord teen hom en dan kan jy kyk waar hy beland!"

Sy Ma het nog probeer om sy kant te vat, maar die Oom het geskree en sy vinger in sy Ma se gesig gedruk. Sy het later, so tussen die houe deur, net die tranes van haar wange probeer afvee.

Hy wens hy was groot. Dan kon hy die Oom ook so rukke slaan. Hy het al probeer, toe slaan die Oom hom met die vuis teen die bors. Hy het vir lank swaar asemgehaal en daar was 'n groot, swart-perskol op sy bors.

Hy was skaam om sy hemp by die skool uit te trek vir liggaamsoefening. Hy het maar gemaak of hy siek is.

So met al die gedagtes wat deur sy kop maal, is hy amper verras toe hy voor die bekende tuinhek staan. Hy is dadelik op sy hoede. Hy skuifel, sluip onder die sitkamervenster verby. Hy hoor hoe die Oom op sy Ma skree.

Hy krimp ineen as hy sy Ma hoor huil. Miskien moet hy haar ook wegvat Kinderhuis toe. Dis mos vir haar veiligheid ook.

Dan kan die Oom haar nooit weer slaan nie. En sy sal nie so maer en vol blou kolle wees nie.

Hy is moeg van die verloop. Hy sal nou in die ou tenk gaan lê en slaap. Môre, as hy uitgerus is, sal hy 'n plan maak om sy Ma veilig te kry.

Net toe Klein Gert voor die agterdeur verby wil glip, bars die deur oop. Hy duik terug die donker skaduwee in en is net betyds om te sien hoe die Oom sy Ma by die agterdeur uitstamp.

"Lê in die donker, jou slet! Ek sal vanaand daarvoor besluit of jy môre slangkos gaan word of nie," volg die bars stem die vrou agterna wat by die deur uit struikel-val. Sy bly opgekrul lê.

Klein Gert voel hoe die knop op sy maag groter en harder word. Hy weet hy moet vanaand nog sy Ma by die Kinderhuis kry.

As alles stil is kruip hy tot by haar, gaan lê styf teen haar en sit sy arm om die maer, uitgeteerde lyf. Hy voel hoe sy ruk.

Nadat Gert sy Ma tot by die ou tenk gehelp het, loop hy in die rigting van die huis. Hy steek vas as hy die Man by die buitekamer sien waar hy die slang aanhou.

Die Oom maak die deur op 'n skreef oop. Dit lyk vir Gert of die Oom ook bang is vir die slang.

Hy word koud as hy die Man hoor sê: "Môre proe jy mensvleis. Bietjie te maer, maar jy behoort haar baas te raak."

As daar 'n dier iewers in 'n agtjarige skuil, word hy nou in Gert wakker. Sonder om daarvoor te dink hardloop hy op die Man af, stamp hom met bomenslike krag by die buitekamer se deur in en klap die deur toe.

Hy staan met sy rug teen die deur, haal hortend asem en knyp sy oë styf toe. Hy skrik as sy Ma haar hand op sy skouer sit en sê: "Hardloop, Seun. Hardloop terug Kinderhuis toe. Ek sal sê hy wou die slang voer. Hardloop soos die wind, my Kind."

Die sweet brand sy oë as hy weer deur die gat in die heining glip. Die deur swaai geruisloos oop. Hy kruip tussen die koel lakens in. Niemand het hom gemis nie. Net voor hy in 'n droomlose slaap wegraak, is hy bly dat sy Ma ook vanaand veilig is.

As sy Pa nog gelewe het, kon hy hom gevra het hoe die slang eet as hy honger is.

KAMMANUUS**kom kuier weer op 3 Desember**